

DISSIPELSKAP. LES 1

1	GEBED
---	-------

Bid vir die leiding van die Gees van God, vir 'n bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking toe aan die Here.

2	AANBIDDING (20 minute)	[KENMERK VAN GOD] GOD IS ONPEILBAAR
---	------------------------	--

Definisie

Lees voor. Aanbidding is:

- 'n *houding* van ontsag, bewondering, oorgawe en toewyding aan God,
- *uitgedruk* in verskillende vorme van gebed en die daaglikse lewe (jou leefstyl).

Om God te aanbid, moet jy “die God van die Bybel” leer ken.

Daarom staan ons by elke aanbidding stil by één kenmerk (eienskap) van God waarvoor ons Hom aanbid.

Tema: Die God van die Bybel is onpeilbaar.

Lees die onderstaande Bybeltekste saam. Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

1. God is onpeilbaar. Tog kan mense Hom ken.

Lees Job 11:7-9. “Kan jy begryp wie God werklik is? Kan jy die Almagtige ten volle verstaan? Dit is kennis wat Hoër is as die hemele. Hoe kan jy daarby uitkom? Dit is kennis wat dieper is as die doderyk. Hoe kan jy dit bereik? Dit strek verder as die aarde, wyer as die see.”

Onderrig. *Niemand* kan die grootheid van die Almagtige God *deurgrond nie*. Geen mens kan alles omtrent God verstaan nie. Om iets te ‘definieer’ beteken om die grense van hierdie ding te omskryf. Om God te omskryf sou dan beteken om God se grense te kan beskryf. Indien iemand God sou kon beskryf, sou hy die dieptes van God kon definieer en groter as God wees.

Die Bybel leer ons dat God ons mense met beperkings geskep het. Hy bepaal ons perke en grense en weet alles van ons af. Hierdie feit laat ons ons eie plek in die skepping verstaan. Dit behoort ons meer nederig te maak in God se teenwoordigheid.

Maar as niemand die perke van God kan peil nie of die geheimenisse van God kan deurgrond nie, is alle kennis van God dan uitgesluit? Kan ons as mense enigiets van God weet? Ja, ons kan kennis van God hê, maar net in die mate wat Hy Homself aan ons openbaar! “Wat nie geopenbaar is nie, is bekend aan die Here ons God, maar wat geopenbaar is, is vir altyd bekend aan ons en ons nageslag: ons moet lewe volgens al die woorde van hierdie wet” (Deuteronomium 29:29).

2. God is onsigbaar. Tog kan mense aspekte van sy wese en persoonlikheid sien.

Lees Kolossense 1:15. “Die Seun is die (sigbare) beeld van God wat self nie gesien kan word nie.”

Onderrig. God is Gees (Johannes 4:24) en daarom onsigbaar vir menslike oë. Niemand het ooit God gesien of kan God sien nie. Niemand kan God, sy wese en persoonlikheid beskryf nie, behalwe as God bepaalde aspekte van sy wese en persoonlikheid aan mense openbaar. Jesus Christus is die *sigbare* beeld van die *onsigbare* God! Die *onsigbare* Almagtige Gees het die *sigbare* menslike natuur in Jesus Christus aangeneem en onder mense gewoon en gewandel sodat mense Hom kon sien. Jesus het gesê, “Wie My sien, sien die Vader” (Johannes 14:9). Duisende mense het Jesus Christus persoonlik gesien. Wat in die Bybel opgeteken is, help ons om Jesus Christus te sien en te ken. In Jesus Christus sien en ken ons die onsigbare God. In Jesus Christus, kan ons die liefde en genade van God, God se heiligheid en geregtigheid, God se soewereine mag en nederigheid, God se waarheid en wysheid: kortom, God se heerlikheid (glorie) sien.

God se heerlikheid is die opsomming (samevatting) van al God se eienskappe (karaktertrekke) of volmaakthede, onder andere sy teenwoordigheid of nabyheid. Jesus Christus is die uitstraling van God se heerlikheid, die afdruk of ewebeeld van die wese van God (Hebreeërs 1:3). Die *onsigbare* God in die hemel het Hom geopenbaar in en deur die *sigbare* Jesus Christus op die aarde. In Jesus Christus “is die volle wese van God beliggaam” (Kolossense 2:9).

3. God is ontoeganklik. Tog nader God tot ons.

Lees 1 Timoteus 6:16. “Hy (God) alleen ... woon in ontoeganklike lig.”

God leef in 'n ontoeganklike lig. Niemand kan tot God nader nie. Niemand kan na Hom toe opklim in die hemel om Hom te sien of te ontmoet nie. God is nie net onsigbaar nie, maar ook nie toeganklik deur enige menslike poging nie.

Geen godsdiens in die wêreld kan ons help om tot die Lewende God, wat Homself in die Bybel geopenbaar het, te nader nie!

Kan ons dan ooit God ontmoet? Die Bybel leer ons dat dit nie óns is wat tot God nader nie, maar dat God tot ons nader! God het na die aarde toe gekom om Homself aan ons te openbaar. God het Homself geklee met ons swakke menslike natuur en het tussen ons kom woon (Johannes 1:1, 14; Filippense 2:6-8). God het na ons toe gekom, sodat ons Hom kan ken, kan ontvang en met Hom op 'n persoonlik vlak gemeenskap kan hê. In ander godsdienste probeer mense na hulle 'god' op te klim (d.m.v. die werke van die wet of goeie werke), maar hulle besef nie dat die Enige Ware God geheel en al ontoeganklik is! Alleen in Jesus Christus, het die Lewende God meer as tweeduisend jaar gelede na ons toe gekom en nader nog steeds vandag tot ons. Alleenlik in Jesus Christus, is God toeganklik (Johannes 14:6)!

Terwyl mense uit eie krag nooit tot God kan nader nie, nader God tot mense in en deur Jesus Christus. Alleen na wedergeboorte kan mense ook deur die Gees van God tot God nader (Efesiërs 2:18; Hebreërs 4:16).

Samevatting. Die God van die Bybel is onpeilbaar en tog kan mense Hom ken in die mate wat Hy Homself aan ons in die Bybel, in Jesus Christus en in die Heilige Gees geopenbaar het! Die God van die Bybel is onsigbaar en tog kan mense Hom sien in Jesus Christus. Die God van die Bybel is ontoeganklik en tog nader Hy tot mense in Jesus Christus.

Aanbidding.

Aanbid God in sy wese as die onpeilbare God. Aanbid God in die dissipelskap groep of in klein groepies van drie.

3	ONDERRIG (70 minute)	[STILTETYE]
DIE GUNSTELING WAARHEID of GUNSTELING BYBELVERS metode vir stiltetyd		

A. MOTIVERING (Stiltetyd: hoekom en hoe?)

1. Hoekom hou mense daarvan om saam te eet?

Die 'saam eet' illustrasie. **Lees** Openbaring 3:20.

Mense hou daarvan om saam te eet, want dit is hoe hulle met mekaar *gemeenskap* het! In die Bybelse geskiedenis was die 'saam eet' 'n beeld van gemeenskap. Jesus Christus wil nie buite die deur by kerkbyeenkomste bly staan nie, maar Hy wil inkom en gemeenskap met die mense hê. Daarom roep Hy en klop Hy eers op die deur van die kerk en daarna op die hart van mense.

As jy sy roep waarneem en jou hart vir Hom oopmaak, sal Hy regtig in jou hart kom woon! Die eerste ding wat Jesus Christus wil doen, nadat jy Hom in jou lewe en hart ontvang het, is om gemeenskap met jou te hê. Wie Jesus Christus ontvang, ontvang niemand minder as God Self (Matteus 10:40; Kolossense 1:15). Wie gemeenskap met Jesus Christus het, het gemeenskap met God deur die Heilige Gees (Johannes 16:13-15).

2. Wat doen jy as Jesus saam met jou eet?

(1) Wat doen mense as hulle met mekaar eet?

Aantekeninge. Dan neem hulle voedsel in hul liggaam in en gesels hulle met mekaar. As jy saam met Jesus Christus gemeenskap het, neem jy geestelike voedsel in jou gedagtes en hart in en praat jy met Jesus Christus deur gebed.

(2) Wat beskou Jesus as geestelike voedsel?

Lees Matteus 4:4; Johannes 4:34; 1 Petrus 2:2.

Aantekeninge. Ware geestelike voedsel is die Woord van God soos God dit in die Bybel (die Heilige Boek of die Heilige Skrif) geopenbaar het. 'n Mens begin geestelik lewe as hy begin *doen* wat in die Bybel geskryf staan. Om gemeenskap met God (d.w.s. met Jesus Christus) te hê, moet jy leer om jouself met die Woord van God te voed. Jy moet leer om dit wat God vir jou in die Bybel sê te 'eet', te 'verteer (verwerk)' en daarvolgens te 'leef' (Josua 1:8; Markus 4:20).

(3) Hoe praat jy met God?

Lees Psalm 62:9; Lukas 11:1-4.

Aantekeninge. Jy praat met God deur gebed. Om gemeenskap met God te hê, moet jy leer om met God te *praat*, na Hom te *luister* (wanneer Hy deur die woorde van die Bybel met jou praat) en te reageer op wat Hy vir jou sê. Gebed is vir Christene nie 'n godsdienstige oefening nie. Dit gaan nie oor drie of vyf keer per dag met voorgeskrewe gebedshoudinge voorgeskrewe gebede opsê nie. Vir Christene is gebed "naby God lewe" (Genesis 5:22), "'n vriend van God" wees (Jakobus 2:23) en "jou hart voor God uitstort" (Psalm 62:9). Gebed is 'n vrywillige en genotvolle geestelike tyd van gemeenskap met die Een en Enigste Ware en Lewende God. Hy antwoord op sy eie wyse en tyd. Leer om te *reageer* op dit wat God vir jou in sy Woord sê. Leer om jou hart oop te maak en alles wat in jou hart is, voor God te bring.

3. 'n Wedersydse verantwoordelikheid.

Onderrig. Openbaring 3:20 praat eers van *Jesus* wat saam met jou eet en dan van *jou* wat saam met Jesus eet.

(1) Eers wil Jesus saam met jou eet.

Aantekeninge. As Jesus by jou eet, is *jý* die gasheer en Jesus is die gas. Wat is jou verantwoordelikhede teenoor Jesus Christus?

As *ék* die gasheer is, is dit my verantwoordelikheid om vir Jesus Christus te gee wat ek het. Dit gaan spesifiek oor my hart, tyd en begeerte om met Hom gemeenskap te hê, maar ook my sondes, moeilikhede en vrese.

(2) Daarna wil Jesus dat jy met Hom saam eet.

Aantekeninge. As jy by Jesus eet, is Jesus die gasheer en jy is die gas. Wat is sy verantwoordelikhede teenoor jou?

As Jesus die gasheer is, kan ek sommer baie van Hom verwag! As gas kan ek verwag dat God tydens my tyd van gemeenskap met Hom *persoonlik met my sal praat*. Ek kan ook verwag dat God vir my alles sal gee wat ek vir daardie dag regtig nodig mag hê. “Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word” (Hebreërs 4:15-16).

4. Saam eet vra tyd.

(1) Eet is 'n belangrike menslike gewoonte. Hoeveel keer eet jy gedurende 'n normale dag?

Aantekeninge. Hoekom is dit belangrik om gereeld te eet? Watter implikasie het Openbaring 3:20 vir ons gemeenskap met God? Die meeste mense eet twee of drie keer per dag. Om gesond te bly en energie te hê, moet ons nie net goeie voedsel eet nie, maar ook gereeld eet. As ons die beeld van Openbaring 3:20 in gedagte hou, is dit redelik om te aanvaar dat jy elke dag 'n tyd van gemeenskap met God ('n stiltetyd) sal hê.

(2) Dit was ook die gewoonte van Jesus Self.

Lees Jesaja 50:4-5; Markus 1:35.

Aantekeninge. In die Ou Testament word Jesus Christus ‘die Dienaar van die Here’ genoem. Jesaja 50 is 'n profesie oor Jesus Christus 700 jaar voor sy eerste koms na die aarde. *Elke môre* het Jesus geluister na God die Vader se onderrig en het Hy tot God gebid. M.a.w. terwyl Jesus hier op aarde was, het Hy elke môre gereelde tyd van gemeenskap met God die Vader ('n stiltetyd) gehad.

(3) Dit was ook die gewoonte van 'n gelowige koning.

Lees Psalm 143:8,10; Psalm 1:1-2; Psalm 5:3.

Aantekeninge. Dawid het verwag om in die môre God se woorde van liefde te hoor. Hy het ook verwag dat God hom sal wys watter pad hy moet volg. Dit het gebeur wanneer hy nagedink het oor die woorde van God. In sy gebede het hy dan sy versoeke voor God neergelê. Met verwagting het hy dan uitgesien na dit wat God (selfs daardie dag nog) gaan doen.

Sodoende het Dawid ook in die oggend 'n gereelde tyd van gemeenskap met God ('n stiltetyd) gehad.

Samevatting. Ons noem 'n daaglikse persoonlike tyd met God 'n stiltetyd. Maak dit 'n daaglikse gewoonte om 'stiltetyd' te hê (om 'n persoonlike tyd saam met God deur te bring). Tydens die stiltetyd 'eet' jy die woorde van God in die Bybel en 'praat' jy met God in gebed.

B. METODE (jou gunsteling waarheid of gunsteling Bybelvers metode vir stiltetyd)

Daar is vyf stappe in hierdie metode. Let op die verskil tussen hierdie *stiltetyd metode met vyf stappe* en die *Bybelstudie metode met vyf stappe*.

Aan die einde van 'n dissipelskap groep se byeenkoms gee die groepleier 7 gedeeltes uit die Bybel wat elkeen in die dissipelskap groep (huiskomitee) gedurende die komende week in hulle stiltetyd moet gebruik.

Stap 1. Bid.

Begin jou stiltetyd deur bewustelik in God se teenwoordigheid in te beweeg. Vra God om persoonlik deur sy woorde in die Bybel en deur sy Gees met jou te praat. Vra Hom om jou te vernuwe en jou lewe te versterk deur die woorde in die Bybel. Jy kan byvoorbeeld bid, “HERE, maak my oë oop dat ek die kragtige werking van u wet ervaar” (Psalm 119:18).

Stap 2. Lees.

Lees elke dag een van die voorgeskrewe gedeeltes in die Bybel vir daardie week of ongeveer 'n halwe hoofstuk in die Bybel.

Stap 3. Kies (jou gunsteling waarheid).

Jou ‘gunsteling waarheid’ kan 'n *Bybelvers of 'n paar verse, of 'n spesifieke waarheid* in die Bybelgedeelte wees wat jy gelees het. Dit is die gedagte of waarheid waardeur God met jou praat, waardeur jou gedagtes gestimuleer word of waardeur jou hart geraak word.

Stap 4. Oordink (jou gunsteling waarheid).

Oordink God se Woord want jy wil die waarheid verstaan, vernuwing ontvang of die waarheid toepas en gebruik. christelike meditasie het die volgende 4 dele:

(1) Dink na oor die betekenis van die verskillende woorde in jou gunsteling waarheid. Vra jousef vroe soos Wie? Wat? Waar? Wanneer? Waarom? Hoe?

(2) Bid tot God terwyl jy nadink. Vra God om met jou gedagtes en jou hart te praat om die betekenis van 'n woord aan jou te verduidelik, of te openbaar wat Hy wil hê dat *jy moet weet, glo, wees of doen*. Reageer op dit wat God vir jou sê.

(3) Pas jou gunsteling waarheid toe op jou persoonlike lewe of die omstandighede waarin jy jou bevind (die wêreld waarin jy lewe). Vra jousef een van die volgende moontlike vroe: "Wat is my behoefte in die lig van hierdie waarheid?" "Hoe vernuwe of versterk die waarheid my?" "Wat wil God hê moet ek weet (kennis), glo (vertroue), wees (karakter) of doen (dade)?"

(4) Skryf die belangrikste gedagtes van jou meditasie in jou notaboek vir stiltetyd.

Stap 5. Bid (jou gunsteling waarheid).

Bid jou gunsteling waarheid (die gedagte van jou meditasie) terug vir God. Bid *kortliks* vir vier verskillende persone:

- Bid jou gunsteling waarheid *vir jousef*.
- Bid jou gunsteling waarheid *vir iemand in jou familie*.
- Bid jou gunsteling waarheid *vir iemand naby aan jou*, vir iemand in jou omgewing, gemeente of werkplek.
- Bid jou gunsteling waarheid *vir iemand ver weg*, vir iemand wat in 'n ander dorp of land woon.

C. PRAKTIESE VOORSTELLE VIR STILTETYD

1. Hou 'n daaglikse stiltetyd.

- Hou elke dag stiltetyd: alleen of saam met andere.
- Jy kan 'n stiltetyd hê in die oggend, middag, aand of nag.
- Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode in jou stiltetyd.
- Maak gebruik van 'n Bybelleesprogram (Sien handleiding 1, supplement/bylaag 2).
- Maak gebruik van 'n Bybelmerksistiem (Sien handleiding 1, supplement/bylaag 3).

2. Skryf jou gedagtes op.

Hou 'n notaboek vir jou stiltetyd. Leer die gewoonte aan om die volgende neer te skryf:

- Die *datum*.
- Die Bybelverwysing van *die gedeelte* wat jy in jou stiltetyd met God gelees het.
- Die Bybelverwysing van jou *gunsteling waarheid* wat jy gekies het.
- Al die *belangrike waarhede* wat God wil hê dat jy moet onthou.
- Skryf ook jou *gebed of toepassing* op.

Jou notaboek vir jou stiltetyd sal jou help om dit wat jy geleer het met ander te deel. Dit sal jou help om te onthou wat God in die verlede vir jou gesê het. As jy hierdie notas weer later lees, sal jy dalk 'n patroon kan bemark van hoe God jou lei.

3. Deel een van jou stiltetye met andere in jou groep.

Deel tydens elke byeenkoms met jou dissipelgroep of kring één van jou stiltetye van die afgelope week (of twee weke). Kies voor die byeenkoms watter stiltetyd jy wil deel. Jy mag natuurlik voorlees wat jy in jou notaboek opgeteken het. Sluit af deur elkeen 'n beurt te gee om 'n kort gebed (van een of twee sinne) te bid oor dit wat ontvang is.

4. Stiltetyd in 'n groep.

Hou as groep 'n stiltetyd.

Vorm 'n kleingroep van mense wat gereeld saam stiltetyd wil hê. Die kleingroep sou kon bestaan uit familieledes, vriende of gelowiges in die buurt. Kom bymekaar op 'n tyd wat die meeste mense sal pas. Sommige Christene kom vroeg in die môre bymekaar om saam stiltetyd te hê en saam te bid voordat hulle werk toe gaan.

Julle kan ook twee-twee stiltetyd hou en daarna as 'n groep bymekaar kom om te deel.

Nadat elkeen sy gunsteling waarheid gedeel het, bid julle as 'n groep met mekaar, bv. deur beurtelings een of twee sinne oor julle gunsteling waarheid te bid.

As daar tyd oor is, kan julle ook luister na iemand se getuienis oor 'n moeilike gebeurtenis, 'n bekering, 'n verandering, 'n gebedsverhooring of oor hoe God hom gelei het.

5. Voorbeelde hoe om jou stiltetyd in jou notaboek op te teken.

3 Januarie 2015 – 1 Tessalonisense 1:1-10.

Gunsteling waarheid of gunsteling Bybelvers. 1 Tessalonisense 1:3, “ Ons bring voor God ons vader in herinnering die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop.”

Meditasie. Ek wil graag dat my geloof in Jesus Christus sigbaar word in my daade. Ek wil graag dat my liefde vir God en my naaste ’n daaglikse ervaring word. Dan sal my hoop (verwagting) ook nie wankel nie.

My gebed.

(vir myself) Here, help my dat my geloof in U vandag sigbaar word in my woorde en daade.

(vir ’n familielid) Leer my sussie om haar geloof in U hande en voete te gee.

(vir iemand naby) Trek my vriend Pieter met U liefde na Uself sodat hy ook in U gaan glo.

(vir iemand vêr weg) Maak die geloof van die huiskerk in die Midde Ooste tot ’n lig wat baie mense na U toe aantrek.

4 Januarie 2015 – 1 Tessalonisense 2:1-20

Gunsteling waarheid of gunsteling Bybelvers. 1 Tessalonisense 2:11-12, “Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos ’n pa sy kinders het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in sy koninkryk in te gaan en so aan sy heerlijkheid deel te hê.”

Meditasie. ’n Christen is vir sommige mense ’n ma (vers 7) wat haar kinders liefdevol en sag vertroetel. En hy is vir ander mense ’n pa (vers 11) wat sy kinders bemoedig en aanspoor en op die hart druk tot eer van God te lewe. Ek wil mense bemoedig.

My gebed.

(vir myself) Here, help my om vandag vir iemand te bemoedig .

(vir ’n familielid) Spoor my neef aan om die evangelie aan ander mense te vertel.

(vir iemand naby) Help my kollega Jan om die studente in sy klas te bemoedig.

(vir iemand vêr weg) Gee genade aan die groepleiers in ’n geslote land in die Midde Ooste om hulle groeplede te bemoedig en aan te spoor om ligte in die duisternis te wees.

4 DEEL (20 minute)

[STILTETYE]

PRAKTIESE OEFENING. MATTEUS 3:1-12

Maak gebruik van jou gunsteling waarheid of gunsteling Bybelvers metode vir stiltetyd en hou as groep ’n stiltetyd met mekaar uit Matteus 3:1-12.

(1) Die groepsleier bid kort vir julle ontmoeting met God

(2) Daarna vra hy iemand om Matteus 3:1-12 hardop voor te lees.

(3) Elkeen kies dan sy gunsteling waarheid of gunsteling Bybelvers uit hierdie Bybelgedeelte

(4) Elkeen oordink sy eie gunsteling waarheid of gunsteling Bybelvers vir ongeveer twee minute. Deel beurtelings in die groep of lees jou meditasie wat jy opgeteken het voor aan die groep.

(5) Bid in groepies van twee of drie mense jou gunsteling waarheid vier maal beurtelings en kort vir jouself, vir ’n familielid, vir iemand naby en vir iemand vêr weg.

5 GEBED (8 minute)

[REAKSIES]

GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD

Bid saam met mekaar in antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kortliks (in één of twee sinne) reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van God geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam met mekaar vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6 VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]

VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel ’n strokie papier met die voorbereiding vir die volgende keer uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om ’n dissipel te wees en dissipels te maak. Besluit om op die mees geskikte tyd stiltetyd te hou.

2. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer ’n halwe hoofstuk per keer uit Matteus 1:1 – 7:29. Maak gebruik van die gunsteling waarheid metode en maak kort aantekeninge in jou stiltetyd notaboek.

3. Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor Lukas 8:4-15. Tema: Hoe om te reageer op Gods Woord. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.

4. Gebed. Bid vir iemand of iets hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).

5. Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en hoe om stiltetyd te hou.